R15/2010 OORSIGKOMITEE: OORWEGING VAN DIE 2008/2009 JAARVERSLAG EN AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG (9/1/1)

C15/2010 OVERSIGHT COMMITTEE: CONSIDERATION OF THE 2008/2009 ANNUAL REPORT AND ADOPTION OF AN OVERSIGHT REPORT (9/1/1)

---

1. **REDE/DOEL VAN VERSLAG**

Om die Raad in staat te stel om die Munisipaliteit se 2008/2009 Jaarverslag te oorweeg en om 'n Oorsigverslag te aanvaar.

Raadslede word versoek om vir doeleindes van oorweging van die item, ook na die jaarverslag wat op 27 Januarie 2010 ter tafel gelê is, te verwys.

1. PURPOSE/AIM OF REPORT

To enable council to consider the Municipalities 2008/2009 Annual Report and to adopt an Oversight Report.

For purposes of considering this item, Councillors are requested to also refer to the Annual Report which was Tabeld on 27th January 2010.

2. **AGTERGROND**

MFMA Omsendbrief Nommer 32 beveel die instelling van 'n Oorsigkomitee aan vir die breedvoerige ontleding van, en oorsig oor, die jaarverslag, nadat dit in die Raad ter tafel gelê is, en na die ontvangs en bestudering van voorleggings wat deur die publiek gemaak is, insette van raadslede en raadsportefeuljekomitees, gevolg deur 'n oorsigverslag wat in die volle Raad bespreek kan word.

Die Jaarlikse Finansiële State is op 20 November 2009 aan die Ouditkomitee voorgelê vir oorweging en kommentaar. Die 2008/2009 Jaarverslag, tesame met die finansiële state is op 27 Januarie 2010 in die Raad ter tafel gelê en gewerkswinkel en gedurende Februarie 2010 vir openbare kommentaar geadverteer.
Kommentaar was ontvang van Greyton Belasting Betalers en Inwoners Organisasie (GRRO).
Alle kommentaar en besluite wat deur die Volle Raad, die ouditkomitee asook die Tesourie geneem is, word vervat in bylaes aangeheg as **(Bylae A en B).**

Ingevolge Artikel 129 van die MFMA, moet die raad 'n Oorsigverslag aanvaar waarin die kommentaar van die Raad oor die Jaarverslag vervat is, en wat moet insluit of die Raad-

- die jaarverslag met of sonder voorbehoud goedkeur.
- die jaarverslag afkeur; of
- die jaarverslag terugverwys het vir hersiening van daardie komponente wat hersien kan word.

Volgens MFMA Omsendbrief Nommer 32, ten einde die jaarverslag sonder voorbehoud goed te keur, moet die Raad in staat wees om vas te stel dat die inligting wat in die verslag vervat word ‘n billike en redelike rekord is van die prestasie van die Munisipaliteit vir die boekjaar waaroor verslag gelewer word. Goedkeuring beteken dat die uitvoerende en die administratiewe vlakke volle aanspreeklikheid vir hul besluite en optrede aanvaar en dat hul prestasie die kriteria wat deur prestasiedoelwitte en -maatreëls gestel is, nagekom het en ook deur die gemeenskap as aanvaarbaar beskou word.

Ingevolge die MFMA, die Wet op Munisipale Stelsels en die Wet op Munisipale Strukture, moet ‘n Munisipaliteit ‘n jaarverslag vir elke finansiële jaar opstel. Die kern komponente van sodanige jaarverslag moet die volgende insluit:

a. ‘n prestasieverslag;
b. die finansiële state;
c. ‘n ouditverslag oor die finansiële state, en
d. die ouditverslag oor die prestasie-evaluering

Die doel van die jaarverslag is:

- om as rekord te dien van die bedrywighede van die Munisipaliteit;
- om verslag te lewer oor prestasie ten opsigte van dienslewering en teenoor die begroting;
- om inligting te verskaf wat die inkomste- en uitgawebesluite wat geneem is, steun; en
- om aanspreeklikheid teenoor die plaaslike gemeenskap vir besluite wat geneem is, te bevorder.

2. BACKGROUND

MFMA Circular Number 32 recommends the establishment of an Oversight Committee for the detailed analysis and review of the Annual Report, following its tabling in council, receiving and reviewing representations made by the public, inputs from councillors and council portfolio committees and then drafting an oversight report that may be taken to full council for discussion.

The Annual financial Statements were submitted to the Audit Committee in 20 November 2009 for consideration and comments. The 2008/2009 Annual Report together with the financial statements was Tabeld and workshopped with council on 27 January 2010 and advertised for public comment during February 2010. Comments were received from Greyton Ratepayers and Residents Organisation (GRRO). Comments and resolutions are contained in the schedules attached as (**Annexure A and B)**.

In terms of Section 129 of the MFMA, the council must adopt an Oversight Report containing the councils comments on the Annual report which must include the statement whether the council-

- Has approved the annual report with or without reservations.
- Has rejected the annual report; or
- Has referred the annual report back for revision of those components that can be revised.

In terms of MFMA Circular Number 32, in order to approve the annual report without reservations, council should be able to agree that the information contained in the report is a fair and reasonable record of the performance of the Municipality for the financial year reported upon. Approval means that the executive and the administration have discharged in full, their accountability for decisions and actions and that their performance meets the criteria set by performance objectives and measures and is also acceptable to the community.

In terms of the MFMA, Municipal Systems Act and Municipal Structures Act, a Municipality must prepare an annual report for each financial year. The core components of such an annual report must include:

a. a performance report;
b. the financial statements;
c. an audit report on the financial statements, and
d. the audit report on the performance evaluation

The purpose of the annual report is to:

- provide a record of the activities of the Municipality;
- provide a report on performance in service delivery and against the budget;
- provide information that supports the revenue and expenditure decisions made; and
- promote accountability to the local community for decisions made.

3. **BESPREKING**

Die Oorsigkomitee oorweeg die finale jaarverslag soos in MFMA Omsendbrief Nommer 32 en Artikel 129 van die MFMA en neem kennis van die kommentaar van die GRRO as ’n publieke entiteit. Dit dui aan dat die publiek belangstelling in die werksaamhede van die Munisipaliteit toon. Die Oorsigkomitee is tevrede met die terugvoering ontvang vanaf die Korporatiewe Departemente op aangeleenthede soos geopper deur GRRO.

Die munisipaliteit se Ouditkomitee het ook die jaarverslag **(Bylae C)** oorweeg.

Die Oorsigkomitee het ten spyte van minimum tyd tot hul beskikking die kommentaar van die Ouditeur-Generaal, Ouditkomitee en Publiek noukeurig nagegaan en is tevrede met die inhoud van die 2008/2009 Jaarverslag.

Verteenwoordigers van die Kantoor van die Ouditeur-generaal en Provinsiale Departemente van Plaaslike Regering en Finansies is genooi om die Raadsvergadering by te woon. Die MFMA maak verder voorsiening dat lede van die plaaslike gemeenskap die Raad kan toespreek.

3. DISCUSSION

The Oversight committee considered the final Annual Report as envisaged in the MFMA circular Number 32 and Section 129 of the MFMA and takes note of the comments from GRRO as a public entity. This shows that the public has an interest in the operation of the Municipality. The Oversight committee is

also satisfied with all responses given from the corporate departments on issues raised by GRRO.

The municipality's Audit Committee also considered the annual report) **(Annexure C).**

The Oversight committee with the limited time allocated managed to scrutinise the comments of the Auditor General, Audit committee and Public and are satisfied with the quality of information in the 2008/2009 Annual Report.

Representatives of the Office of the Auditor-General and Provincial Departments of Local Government and Finance have been invited to attend the council meeting. The MFMA furthermore provides for members of the local community to address the council.

4. WETLIKE VERPLIGTINGE

Die proses word deur die onderstaande wetgewing gereël.

- Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) (Hoofstuk 12) (MFMA).
- Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) (Hoofstuk 6).
- Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

4. LEGAL RESPONSIBILITIES

The process is driven by legislation.

- Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 0f 2003) (Chapter 12) (MFMA).
- Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) (Chapter 6).
- Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998).

AANBEVELING AAN RAAD

1. **Dat ingevolge Artikel 129 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en synde dat die 2008/2009 Jaarverslag van die Theewaterskloof Munisipaliteit en die inhoud van hierdie item behoorlik oorweeg is, word die gemelde verslag sonder voorbehoud goedgekeur, en**

2. **Dat die Munisipale Bestuurder deurlopend aan die Uitvoerende Burgemeester terugvoering gee oor die stappe benodig as gevolg van die ouditverslag.**

3. **Dat die kommentaar van die Ouditkomitee in oorweging geneem word en regstellende aksies moet daar gestel word om herhaling te voorkom.**

RECOMMENDATION TO COUNCIL

1. **That in terms of Section 129 of the Local Government: Municipal Finance Management Act 2003 (Act 56 of 2003) and having duly considered the 2008/2009 Annual Report of Theewaterskloof Municipality and the content of this item, the said report be approved without reservations, and**

2. **That the Municipal Manager continuously gives feedback to the Executive Mayor on the actions required as a result of the audit report.**

3. **That the comments of the Audit committee should be taken into consideration and corrective actions need to be put in place to prevent reoccurrence in the future.**

BESLUIT DEUR DIE RAAD : 25 MAART 2010

Nadat die Voorsitter Raadslede die geleentheid gegun het en die item deeglik bespreek is en op voorstel van Raadslid PU Stanfliet, gesekondeer deur Raadslid CTJ Simmers, is as volg besluit:

1. **Dat ingevolge Artikel 129 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en synde dat die 2008/2009 Jaarverslag van die Theewaterskloof Munisipaliteit en die inhoud van hierdie item behoorlik oorweeg is, word die gemelde verslag sonder voorbehoud goedgekeur, en**

2. **Dat die Munisipale Bestuurder deurlopend aan die Uitvoerende Burgemeester terugvoering gee oor die stappe benodig as gevolg van die ouditverslag.**

3. **Dat die kommentaar van die Ouditkomitee in oorweging geneem word en regstellende aksies moet daar gestel word om herhaling te voorkom.**

Vir afhandeling deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, Mnr. H Gxoyiya.

RESOLVED BY COUNCIL : 25 MARCH 2010

After the Chairman had given Councillors an opportunity and the Item had been thoroughly discussed, and on a proposal by Councillor PU Stanfliet, seconded by Councillor CTJ Simmers, it was resolved as follows:

1. **That in terms of Section 129 of the Local Government: Municipal Finance Management Act 2003 (Act 56 of 2003) and having duly considered the 2008/2009 Annual Report of Theewaterskloof Municipality and the content of this item, the said report be approved without reservations, and**

2. **That the Municipal Manager continuously gives feedback to the Executive Mayor on the actions required as a result of the audit report.**

3. **That the comments of the Audit committee should be taken into consideration and corrective actions need to be put in place to prevent reoccurrence in the future.**

For finalization by the Director: Development Services, Mr H Gxoyiya.